# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**GRAAD 10** **NOVEMBER 2013**

**TYD: 2 Uur** **VRAESTEL 1** **TOTAAL: 80**

**LEESBEGRIP, OPSOMMING & TAALWERK**

---

INSTRUKSIES:

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.
2. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings: AFDELING A: LEESBEGRIP
   AFDELING B: OPSOMMING
   AFDELING C: TAALWERK
3. Jy moet AL die vrae beantwoord.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Nommer jou antwoorde presies soos op die vraestel.

---

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1:

Lees die volgende UITTREKSEL van die verhaal "Storieboekheld" en beantwoord al die vrae wat volg.

**Woensdag, 13 September**

Ek kan nie glo dat ek hom nog nooit voorheen gesien nie. Die skool is ook so flippen groot. Ses maande is ek al hier en ek het hom sowaar misgekyk. Dik swart krulle, lank en skraal, met pikswart haartjies op sy voorarms. En die eerste keer dat ek hom sien, slaan ek my naam met 'n plank. Wat sou hy dink van 'n simpel graadtien wat worsbroodjies uitdeel, tamatiesous op haar neus en hom vra of hy in ons skool is?
Hy dink seker my IK is nul.
Ek gaan nie more skool toe nie. Netnou sien hy my en lag weer vir my.
Jy is 'n VERTRAAGDE PAMPOENKOEK, Amanda.

Miskien moet ek maar more skool toe gaan. Miskien wonder hy waar ek is... Ha-ha-ha. Jy lewe in 'n **DROOMWêRELD**, Amanda. 'n **FANTASIE**.

## Vrydag, 15 September

Twee dae en ek het hom nie weer met 'n oog gesien nie. Sy naam is glo Bernard. Bernard Vosloo. Hy is in graad 11 en hy's in die krieketspan en op die kultuurkomitee.

### DINSDAG, 19 SEPTEMBER

Hy't my in die mediasentrum raakgeloop. Aspris?
Maar ek worry nie.
Sy oë is bruin met swart spikkels en hy't baard wat deurskyn op sy ken. Ons het die hele pouse gesels. Hy is mooi en nice en vra uit oor my gesin. Hy't 'n suster wat uit die skool is en 'n kleinboetie in die laerskool. Hy's mal oor lees: Philip Pullman se boeke. Die mediasentrum hou dit nie aan nie en ek het zero sakgeld.
Hy sal my Vrydag by die Lentedagjol sien.
Ek **SWEEF**.

## Vrydag, 22 September

Ek glo dit nie! **BERNARD**
**BERNARD VOSLOO.**
Ek het nog nooit iemand soos hy ontmoet nie. Ek dink ek's besig om verlief te raak.
Dit lyk of hy regtig luister.En hy dans soos 'n pro.
Ek het mooi hare, sê hy. En hy kyk in my oë as ek met hom praat. As ek iets snaaks sê, glimlag hy . En net voor Ma my kom haal het, het hy my sag op my wang gesoen.
As ek aan hom dink, voel my maag so **SNAAKS**, so snaaks en **WARM**.

## Saterdag, 23 September

Ek's skoon uitasem na vandag. Dit voel asof ek in 'n fliek speel.
Die lewe voel **ONWERKLIK** en **FASSINEREND**.
Eers kom hy vanoggend hier aan. Met sy een Pullmanboek. Sy beste een.
Hy't my adres by Brigitte gekry. En sy't my niks gesê nie!
En toe vra hy my om saam met hom en sy suster en haar vriende Morningside toe te gaan vir koffie. En Pa sê ja!
Wat gaan aan? Ek **LEWE LIG**.

Sy suster het my met haar ou Volksie kom haal. Sy's net so cool en nice. Ek dink ek begin te veel van hom hou. Ek's bang ek raak weer verlief en kry seer, maar ek WIL aanhou om hom beter te leer ken.
EN hy kom my môreaand vir kerk haal.

Vrae:

1.1 Hoe lank is Amanda in hierdie skool?
Haal **2 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. (1)

1.2 Hoe lyk Bernard Vosloo?
Haal 1 **sin** as antwoord aan. (1)

1.3 Aan watter sportsoort neem Bernard deel?
Skryf **net die naam** van die sportsoort neer. (1)

1.4 Kies die korrekte woord. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

'n Mediasentrum is 'n

A. sentrum vir probleemkinders.
B. koerantkantoor.
C. 'n sentrum vir sportmense.
D. biblioteek. (1)

1.5 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur aan te haal.

1.5.1 Bernard is die enigste kind in sy gesin. (2)
1.5.2 Amanda is in graad 11. (2)
1.5.3 Bernard en Amanda het saam met die suster in **haar motor** na die koffiewinkel gery. (2)

1.6 Wie is Bernard se gunsteling skrywer? (1)

1.7 Waarheen het Bernard en Amanda die Vrydag van 22 Sepember gegaan?
Skryf slegs **een woord** as antwoord neer. (1)

1.8 Wat dink jy wou Amanda op Dinsdag 19 September graag vir Bernard koop? (1)

1.9.1 Was Amanda al voorheen verlief?
Sê JA of NEE. (1)

1..9.2 Motiveer jou antwoord in 1.9.1 met **2 opeenvolgende woorde.** (1)

[15]

Vraag 2:

Bestudeer die **Advertensie "Gratis vir jou"op bylaag A** op **die laaste bladsy** van die vraestel en beantwoord al die vrae wat volg.

Jy mag die laaste bladsy afskeur.

Vrae:

| **WOORDESKAT:** | |
|---|---|
| **uitspanplek – chill zone** | **afslag - discount** |
| **waarde – value** | **sluit aan - join** |

2.1 Wat is die naam van die klub wat hierdie advertensie uitgegee het? (1)

2.2 Wat moet jy doen om 'n gratis geskenk te kry?
Jou antwoord moet **9 woorde** bevat. (1)

2.3 Wat is die gratis geskenk? (1)

2.4 Noem **2 items** wat jy by hierdie klub kan koop. (2)

2.5 Watter **2 lande** word in hierdie advertensie genoem? (2)

[7]

Vraag 3:

Lees die **artikel "Obsessie van die week"op bylaag B op die laaste bladsy** van die vraestel en beantwoord al die vrae wat volg.

Vrae:

| **WOORDESKAT:** | |
|---|---|
| **voorloper – leader** | **poets gebak – played a trick** |
| **aanhangers – admirers** | **tuimeltrein - rollercoaster** |
| **kenmerkende – distinctive** | |

3.1 Wie is die obsessie van die week? (1)

3.2 Hoeveel lede is in hierdie seunsgroep? (1)

3.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wanneer jy 'n hart van goud het, beteken dit dat jy

A. van goue harte hou.
B. baie musikaal is.
C. graag ander mense wil help.
D. graag saam met jou vriende wil uitgaan. (1)

3.4 Wie is die leier van hierdie musiekgroep? (1)

3.5 Sê in jou **eie woorde** waarom Liam Payne eenkeer gehuil het. (1)

3.6 Waarvoor is Harry bang?
Skryf net die **woord** neer. (1)

3.7 Wanneer kan jy hierdie groep se nuwe album koop?
Skryf net **2 opeenvolgende woorde** as antwoord neer. (1)

3.8 Voltooi die volgende sin deur **een woord** neer te skryf.

Liam en Harry ondersteun mense wat ........het. (1)
[8]

TOTAAL VIR AFDELING A: {30}

**AFDELING B: OPSOMMING**

Vraag 4:

- Som die simboliek van verskillende kleure in SEWE sinne op.
- Skryf die sinne puntsgewys (1-7) onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 WOORDE wees nie.
- Dui die KORREKTE getal aan die einde van die opsomming aan.

DIE SIMBOLIEK VAN KLEUR

ROOI:

Rooi is die teken van liefde. Dit is een van die primêre kleure en ook die kleur van bloed. Dit is 'n gewilde kleur om op Valentynsdag te dra.

GROEN:

Groen is die kleur van groei. Die mens se oog is gewoond aan hierdie kleur in die natuur. Bome is mos groen in die lente. Blare wat dus nie groen is nie, is dood.

ORANJE:

Oranje is die kleur wat gebruik word om vuur voor te stel. Dit is die kleur van die vlamme wat so warm en hartlik is. 'n Vuurtjie is ook lekker gesellig!

GEEL:

Geel straal vriendelikheid uit. Hierdie kleur is die ideale kleur om te dra op die dae wat jy nie goed voel nie, want geel help om 'n mens se gees op te hef.

BLOU:

Blou stel rustigheid voor. Op die kleurwiel lê blou tussen groen en indigo. Op 'n sonnige dag is die hemel helderblou.

SWART:

Swart is die kleur wat in baie kulture gebruik word om te rou, Wanneer iemand in een van daardie kulture sou sterf, dra die mense swart klere as teken van hulle hartseer.

WIT:

Wit is 'n teken van vrede. Wit duiwe word baie keer vrygelaat wanneer mense ophou baklei of 'n land na 'n oorlog besluit om nie meer te veg nie.

[10]

## AFDELING C : TAALWERK

- Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.
- Volg alle instruksies noukeurig.

### Vraag 5

Volg alle instruksies noukeurig en waar moontlik skryf 'n woord as antwoord neer.

**Die Ou Langsaan**



**NIALL HORAN**
**Ouderdom: 20**
**Lengte: 1,7 m**
**Sterreteken: Maagd**

***Hy is die lid met die blou oë, blonde hare en Ierse aksent; die een wat soos die buurseun lyk.***

**Hy is al romanties verbind met** die aktrises Demi Lovato en Freya Mavor, en het nou 'n ogie op die sangeres **ELLIE GOULDING.**

**Sy eerste troeteldiere was** twee goudvisse genaamd Tom en Jerry. Hulle is dood nadat sy broer hulle te veel kos gegee het. Eisj!

**Hy is g'n hartebreker nie.** "Ek wil eerder 'n kind wees en met papiervliegtuie speel as om 'n man te wees wat met 'n vrou se hart speel."

5.1 Gee die **meervoud** van die woord tussen die hakies.

Niall is baie bang vir (krap). (1)

5.2 Skryf die volgende sin in die **Teenwoordige Tyd** oor.

Hy was baie kwaad vir sy broer. (1)

5.3 Gee die **verkleining** van die woord tussen die hakies.

Niall dra 'n klein (ring) aan sy vinger. (1)

5.4 Voltooi die sin deur **'n vergelyking** te gebruik.

Niall se meisie is so maer soos 'n ...... (1)

5.5 Verbind die volgende sinne met **die Voegwoord** tussen die hakies.

Die seun is van Ierland. Hy praat met 'n Ierse aksent. (daarom) (1)

5.6 Gee die korrekte **afkorting** van die woord tussen die hakies.

Niall wil graag nog na (Suid-Afrika) toe kom. (1)

5.7 Verbeter die **Woordorde** van die woorde tussen die hakies en skryf die sin korrek oor.

Niall ( gisteraand, in die kombuis, het, 'n liedjie, geskryf). (2)

5.8 Skryf die volgende sin in die **ontkenning** oor.

Niall het êrens sy adresboekie verloor. (1)

5.9 Kies die **korrekte voorsetsel** tussen die hakies en skryf dit neer.

Niall hou baie (aan, van, op) goudvisse. (1)

5.10 Gee die korrekte **Intensiewe Vorm** van die woord tussen die hakies en skryf dit neer.

Niall is nog (baie jonk). (1)

[11]

Vraag 6

Volg die instruksies noukeurig en waar moontlik skryf net die woord as antwoord neer.

*Die Grapjas*



**LOUIS TOMLINSON**
**Ouderdom: 21**
**Lengte: 1,75 m**
**Sterreteken: Steenbok**

***Louis is die hanswors in die groep. "Ek hou van lag en grappies maak, maar wat die groep betref, is dit vir my baie belangrik dat ons uitgebeeld word presies soos wat ons as groep uitgebeeld wil word."***

**Deur Harry het hy in 2011** die universiteitstudent **ELEANOR CALDER** ontmoet, en hulle is steeds 'n paartjie.

**Klink dit soos jy?** Hy sê hy hou van meisies wat bril dra, of dit nou die ware Jakob of 'n kamma-een is, en dink swaar aksente is sexy.

6.1 Kies die korrekte **voornaamwoord** tussen die hakies en skryf dit neer.

Louis het 6.1.1(hy / sy) meisie ontmoet toe 6.1.2 (hy /sy) op universiteit was. ½ + ½ (1)

6.2 Skryf die volgende sin in **die Lydende Vorm** oor.

Die meisie dra elke dag die bril. (2)

6.3 Skryf die volgende sin in die **Indirekte Rede** oor.

Louis sê:"Die seunsgroep oefen in die skoolsaal." (2)

6.4 Skryf die volgende sin in die **Toekomende Tyd** oor.

Louis is 'n baie snaakse kêrel. (2)

6.5 **Stel die vraag**. Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord van jou vraag wees.

Louis dink <u>swaar aksente</u> is sexy. (1)

6.6 Gee die **Teenoorgestelde Geslag** van die woord tussen die hakies en skryf dit neer.

Die meisie is Louis se (kêrel) (1)

[9]

Vraag 7

Volg die instruksies en waar moontlik skryf net die woord as antwoord neer.

**WEN**

**Met vergunning van Sony Music kan 10 lesers elk 'n kopie wen van One Direction se nuwe album, Midnight Memories. Dit word aanstaande maand uitgereik. SMS jou antwoord, naam en adres voor 17 Oktober om 17:00 na 34922. Vraag: Hoeveel lede het One Direction?**

ELKE SMS KOS R1,50. DIE BORG IS VERANTWOORDELIK VIR DIE VERSKAFFING VAN DIE PRYSE BINNE 'N REDELIKE TYD.

7.1 Voltooi die sin deur **die korrekte Vergelyking** neer te skryf.

Die seunsgroep oefen so gereeld soos ..... (1)

7.2 Gee **die Intensiewe Vorm** van die woord tussen die hakies.

Ek sal (baie kwaad) wees as ek nie die prys wen nie. (1)

7.3 Gee die korrekte **Trappe van Vergelyking** va die woord tussen die hakies.

Hulle album is die (nuut) op die mark. (1)

7.4 Gee die **Meervoud** van die woord tussen die hakies.

Hulle liedjies word op baie (skip) gehoor. (1)

7.5 Gee **die Verkleining** van die woord tussen die hakies.

Die seuntjie het sy klein (arm) by die konsert gebreek. (1)

7.6 Verbind die volgende sinne met die **Voegwoord** tussen die hakies.

Sue gaan die nuwe album wen. Sy ken die seunsgroep se musiek. (aangesien) (1)

7.7 Skryf die volgende sin in die **Verlede Tyd** oor.

Daar is vyf lede in hierdie gewilde seunsgroep. (1)

7.8 Skryf die volgende sin in **die Ontkenning** neer. Begin jou sin soos aangedui.

Het jy al ooit 'n prys gewen?
Nee,... (2)

7.9 Skryf die volgende sin in die **Lydende Vorm** oor. Begin met die onderstreepte gedeelte.

Lesers sal 'n kopie van *One Direction* wen. (2)

7.10 Skryf die volgende sin in **die Indirekte Rede** oor.

Josh vra: "Hoeveel albums is op die winkelrakke?" (1)

7.11 **Stel die vraag.** Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord wees.

Die album word <u>aanstaande maand</u> uitgereik. (1)

7.12 Vertaal die volgende sin in **korrekte Afrikaans** oor.

He was born in Durban. (2)

7.13 Skryf die volgende sin in **die Verlede Tyd** oor.

Die meisies staan en gil voor die verhoog. (2)
[17]

Vraag 8: Kritiese Taalbewustheid

Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord al die vrae wat volg.




8.1 Wat doen Oupa? (1)

8.2 Hoe kan jy **sien** dat die twee kinders ontsteld (upset) is?
Noem 2 dinge. (2)
[3]

TOTAAL VAN AFDELING C: 40

**GROOTTOTAAL VAN DIE VRAESTEL: 80**

Vraag 2



GRATIS vir jou!
Sluit nou aan by SA se beste Afrikaanse uitspanplek en kry 'n gratis geskenk
KIES 3 boeke VANAF NET R20 ELK
PLUS wonderlike afslag op boeke, tydskrifte, CD's, DVD's en nog baie meer – sien binne
JOUNE GRATIS WAARDE R280
Deon Meyer sê: "Lees en leef!"
Leef Afrikaans
lesers
Voorraad beperk. Welkomaanbod net vir nuwe lede in SA en Namibië. Tot 31 Desember 2013.
Sluit nou aan by www.leserskring.com

Vraag 3

# Hei jy!




* Hul kenmerkende popmusiek het 'n rock-klankie bygekry op hul nuwe album, Midnight Memories. Dit sal aanstaande maand op die winkelrakke wees.

* Praat van 'n hart van goud! Dis wat Liam Payne en Harry Styles albei het, want die twee manne het hulself as prys aangebied vir 'n Londense organisasie sonder winsoogmerk wat kankernavorsing steun. Aanhangers het sowat R7,6 miljoen opgedok om 'n aandjie uit saam met hulle te wen.

* Die ouens het Harry aankeer 'n poets gebak en hom vertel Zayn gaan die groep verlaat. Die arme ou het sowaar gehuil!

* Niall Horan is kloustrofobies en het ook 'n vrees vir duiwe, Liam het 'n vrees vir lepels, Zayn is doodbang vir water en hoogtes, terwyl Harry 'n fobie vir tuimeltreine het. Louis Tomlinson het 'n vrees vir voëls.

* lulle het
neer as
5 miljoen
anhangers
p Twitter,
n dit sluit
ie die aan-
angers van
lke lid se eie
witter-blad
nie. Die
artebre-
er Harry
tyles is
atuurlik die
oorloper; hy
et meer as
6 miljoen
anhan-
ers.

## OBSESSIE VAN DIE WEEK

# 1D ONE DIRECTION

**VOLG HULLE OP TWITTER: @onedirection**

HULLE IS DIE GROOTSTE (EN OULIKSTE) SEUNSGROEP OP DIE PLANEET, EN NOU KAN JY HULLE IN 3D SIEN IN HUL NUWE DOKKIE, ***ONE DIRECTION: THIS IS US!***